

Vrydag 20 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:23

Totdat Hy weer kom ...

Ons Here Jesus het belowe dat Hy na die hemel toe gaan om vir sy kinders plek te berei, en dat Hy weer sal kom om sy kinders vir ewig saam met Hom te neem.

Al die wonderlike werk wat die Here *in* sy kinders se lewens gedoen het, en die lieflike werk wat Hy *vir* sy kinders gedoen het, trek in hierdie blye dag saam. Op hierdie geweldige dag in die geskiedenis van die mensdom bevry Christus finaal die hele skepping van die verganklikheid en vernietig Hy al sy teenstanders.

Soos mense deur die geskiedenis telkens foute oor die presiese tyd van die wederkoms van Christus gemaak het, het die gelowiges in Tessalonika ook in twee uiterstes verval: een groep het die wederkoms te gou verwag (sommers in hulle eie leeftyd), en die ander groep het die wederkoms sommers as menslike versinsels en praatjies afgemaak.

Om oor die presiese tyd van sy wederkoms (al dan nie) te bespiegel, is nie vir God se kinders bedoel nie. "Net die Vader weet dit" (Matt. 24:36). Wat God se kinders wél moet weet, is dat:

- Christus weer op die wolke kom;
- Hy gou weer kom;
- sommiges Hom nie verwag nie en dus nie gereed sal wees nie; en
- mense van die lig/dag wakker en gereed is en Hom inwag.

Totdat Hy weer kom, moet God se kinders nie alleen passief op Hom sit en wag nie, maar toegewyd aan en onberispelik voor God lewe. Geloofsafwagting op die wederkoms hou in dat ek elke dag my werk getrou sal verrig. Meer nog: dat my hart en mond, deur die manier hoe ek werk, die lof van die Here sal verkondig ... want Hy kom vir seker!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)